

# ONS PSALM- EN GESANGBOEK

## SY GROOT GODSDIENSTIGE EN KULTURELE

### BETEKENIS

deur Prof. Dr. G. B. A. GERDENER

Nog voor die spraak daar is, is daar klank en ritme. Nog voordat die suigeling kan praat, laat dit hom hoor in huil en lag. So ook maak die volwassene gebruik van uitroepe, sug en skreeu om die diepste gewaarwordings van die lewe te vertolk sonder om gebruik te maak van geartikuleerde taal. Ons skrik, ons vertrou, ons hulpeloosheid, ons verrassing — dit alles en nog meer word deur 'n gelaatsuitdrukking, 'n gebaar of 'n stembuiging bevestig. Ook in die daaglikse lewe speel die ritme en die musiek 'n belangrike rol. Sels by primitiewe volke. Wie het nog nie 'n ploeg naturelle hoor neurie by die verrigting van een of ander taak nie? Uit die Ooste word berig dat die roeiers van die rivierbote twee keer soveel afstand dek met gesang as daarsonder.

Sels in ons gewone gesprekke en in die lees van prosa maak die intonasie en die stembuiging 'n wêreld van verskil. Die klem op die verkeerde woord het al menige misverstand veroorsaak en menige twisvuur aan die brand gestee. En laat die leser al die woorde van hierdie sin nou net lees op dieselfde toonhoogte en deurgaans met dieselfde tempo en dit sal sels nie eens meer prosa te noem wees nie. Nog oneindig belangriker is die eintlike musiek. Deur die gesproke woord verdedig en redeneer ons. Daardeer lê ons dinge vas, ons beperk en begrens. Maar as ons sing, maak ons los, ons maak die deur oop vir die stroom van ons hart om vryelik uit te vloei en om in 'n ander hart vryelik in te vloei. Deur die gesproke woord is ons beperk tot die taal wat ons ken en verstaan, maar die musiek, sels waar dit in 'n vreemde taal kom, oorskry alle perke van nasionaliteit en kennis. Musiek is internasionaal en universeel. Geen wonder dat ons dikwels hoor sê dat ons nie almal saam kan praat nie, maar wel almal saam kan sing.

Tot sover die betekenis van ritme en verklanking in die alledaagse wandel en van musiek op die algemene terreine van die lewe. Presies sô sal ons dit vind op die gebied van die godsdiens. Daar en daar veral het die gesonge woord die gedagte voortdurend vertolk en die diepste roersels van die sielelewe beïnvloed. Deur niks word die mens sterker aangegryp as deur die onsenlike nie. Ook die primitiewe nie. Maar vir die Christen word die onsenlike die heilige en hy vier dit met woord en toon. Sy woord gee aan die gedagte omtrek en gestalte, maar sy toon en ritme gaan daarmee op loop. Sy lied dring met onstuimige vaart deur na die Onsenlike en hy sing onophoudelik van God en tot God. Ja, sels net die naam van God word deur hom uitgejubel en deur allerlei toonhoogte en tempo geroem en verbrei.

Dit alles is nog meer waar van gemeenskaplike gesang as van die persoonlike. Die mens sing wel ook alleen, maar hy wil liewer saam sing. Elke volk het sy volkslied, 'n vereniging sy bondslied, 'n universiteit sy lied waarin hy die lof van sy *alma mater* roem, en die regiment sy strydlied. Eweso is dit met die religieuse lied: Ons sing selde in ons binnekamer, wel by

ons huisgodsdiens en in die samekoms en erediens. Hieruit is dan ook die kerkgesang gebore. Dit is die lied wat die gemeente in die erediens eenstemmig kan aanhef. Vir ons huidige doel is dit ons eie gesangboek met sy lang en aangrypande geskiedenis: nou in ons

op die koringland, in die kinderlied van die mark en die klaaglied van die lykstoet het die gewyde sang sy plek gevind. Klassiek is die lofsang van Debora en Barak na die oorwinning oor die Kanaäniete en die jubelsange van die vroue toe Dawid na sy oorwinning terug-

ons reeds ontmoet het, is hier dus sprake van twee nuwe soorte liedere, nl. lofsange en geestelike liedere. In die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, vir ons in Luk. 1 en 2 opgeteken, vind ons hul voorlopers.

Van meer as gewone betekenis is



Lede van die Gesamentlike Revisiekommissie vir Gesangberyming (sitting te Oos-Londen, Julie 1939). Staande, links na regs: ds. P. H. Huyssteen (scriba), dr. A. van Selms, prof. dr. B. Gemser, ds. D. F. B. de Beer, prof. dr. B. B. Keet. Sittende, links na regs: prof. dr. M. S. B. Kritzinger, ds. T. F. J. Dreyer, ds. J. G. M. Dreyer, prof. dr. E. C. Pienaar en ds. P. B. Ackermann (voorsitter).

eie moedertaal vir ons beskikbaar gestel. Waar nou die ritme en die musiek in die alledaagse lewe so 'n belangrike rol speel, hoeveel te meer nie die kerklied wat deur die gebruik van die eeue geheilig is. Sy godsdiensig-kulturele betekenis is inderdaad groot.

#### GESKIEDENIS VAN DIE KERK- GESANG

A. Die Psalms. — Die wortels van ons huidige kerklied lê in die gryse dieptes van die Ou Verbond. Treffend word vermeld in Gen. 3: 8 dat die mens die stem van die Almagtige verneem het waar Hy gewandel het in die tuin in die aandwindjie. Dit was die poëtiese voorspel van die lied van goddelike genade wat deur die eeue klink en waarvan die refrein gehoor word in die woorde van Openb. 5: 9: „Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sý seëls oop te maak.” Ondanks die sondeval het die gewyde lied in Israel, die gemeente van die Ou Verbond, gedurig weerklank: Snags het die wagters op die mure gesing en vroeg in die môre is die lied van die vroue by die waterput gehoor. Op die strydveld sowel as

gekeur het. Die minnelied en die smartlied, die lied van arbeid en die lied van stryd het telkens mekaar afgewissel.

Maar veral in die heerlike psalmboek lê die wortels van ons hele kerkgesang. Dit is die voorbeeld van alle Christelike gesangboeke. Uit die erediens van die sinagoge het die psalms in die Christelike gemeente oorgegaan. Sels die melodieë van die psalms is gedeeltelik uit die sinagoge oorgeneem. Oneindig is die kerkgesang verryk deur die koms van die Seun van God. Deur die Nuwe Testament is die kerklied uitgebrei en op alle dele van die heilsopenbaring betrek. Reeds die eerste Christelike gemeentes het gesing. Dit weet ons veral uit die Briewe van Paulus: „Wanneer julle bymekaarkom, dan het elkeen van julle 'n psalm....” sô lees ons in 1 Kor. 14: 26. „Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in jul hart tot eer van die Here.” sô lees ons in Ef. 5: 19, terwyl Kor. 3: 16 verklaar: „Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in jul hart met dankbaarheid tot eer van die Here.” Naas die psalms wat

'n verwysing na die vroegste Christelike lied in 'n brief van die heidense stadhouer Plinius aan die keiser Trajanus, waarin hy berig oor die vervolging van die eerste Christene en dan laat volg: „Dit was hul (die Christene se) gewoonte om op 'n bepaalde dag voor dagbreek saam te kom en in wissel-sang Christus as God 'n lied toe te sing” (*convenire carmenque Christo quasi Deo dicere*). Hierdie woorde het Plinius in die jaar 112 A.D. geskrywe.

Die lied van die gemeente behoort tot die grootste skatte van die Christelike Kerk. Hoewel die eerste Christene gesing het, het die Roomse Kerk allens die gesang beperk tot die geestelike stand. Reeds by die Algemene Konsilie van Laodisêa in 367 A.D. is bepaal dat die kerkgesang slegs deur die kanonieke sangers moet beoefen word. In die Roomse wêreld sing die gemeente nie. Die priesters en die koor neem die sang waar. Nouliks het die lig van die Hervorming deurbreek of die verlangete na die kerkgesang het hom ook laat merk. Luther se liefde vir sang en musiek is bekend. In 1524 het hy reeds 'n eerste bundel liedere vir kerklike gebruik in die lig gegee. In 1537

het Farél en Calvyn by die Raad van Genève voorgestel om die gemeentesang, en wel meer bepaald die psalms, in te voer. Toe laasgenoemde in Straatsburg die Franse gemeente bedien het, het hy die psalms, waarskynlik op los velle papier geskrywe en op die wysies van volksliedere, laat sing. Hierdie psalms is deur vlugtelinge uit Frankryk meegebring en was veral afkomstig van die Franse digter Clément Marot, kamerdienaar aan die hof van koning Frans I. Calvyn self, hoewel geen digter nie, het die hand aan die arbeid geslaan en sewe van die psalms berym. Sô is die eerste psalmboek in 1539 in Straatsburg gedruk, met 18 psalms en 3 gesange. Nadat Calvyn se opvolger Beza die verdere arbeid verrig het, is in 1562 in Genève die eerste volledige psalmbundel uitgegee wat in vier jaar 62 uitgawes beleef het.

Die eerste poging om in Nederland die psalms te berym, was die sogenaamde *souter-* of *psalterliedekens*, meestal op die lugtige wysies van bekende volksliedere gesing. Hulle is versamel deur Willem van Nyevelt en in 1540 vir die eerste keer uitgegee. Daarna het Jan Utenhove, 'n Vlaamse edelman wat as vlugteling in Londen verwyd het, eers 28, daarna 63 en eindelijk 100 berymde psalms in die lig gegee. Na sy dood is sy werk deur sy vriend Van Wingen voltooi. Die volgende psalmberymmer was die bekende Petrus Dathenus, „de Minister metten rosten baert.” Hy was eers Karmeliet-monnik en het op 19-jarige leeftyd na die Hervorming oorgegaan. Nadat hy in Engeland en Duitsland as vlugteling gewoon het, het hy 'n tuiste in Nederland gevind. In 1566 het sy bundel verskyn en tot 1773, toe ons huidige psalmboek verskyn het, is Dathenus se werk gebruik. Dit was dan ook die psalmberyming wat met Van Riebeeck ons land binnegekome het. Sy werk was grotendeels 'n slaafse bewerking van Marot en Beza se Franse Psalms.<sup>1)</sup>

Soos in die geval van die Statevertaling van die Bybel het eendelik ook ten opsigte van die psalms die Statevergadering 'n nuwe psalmberyming gelas en is nege predikante in Den Haag afgesonderd vir die taak. Uit allerlei bundels het hulle 'n keuse gedoen en self bygewerk, sodat na 121 sittings hul werk in Julie 1773 voltooi was. Van hierdie uitgawe af is ook die oorspronklike manier van sing met kort en lang note vervang deur ons huidige manier van ewelang note. En hoeveel aanleiding het dit nie gegee tot allerlei draaie en swaaie in ons kerkgesang nie!

Wat die psalmwysies betref, het Calvyn na sy driejarige ballingskap

<sup>1)</sup> Daar was ook ander berymings, soos die van Vondel, Revius, Camphuysen en Marnix van St. Aldegonde, die boesemvriende van Oranje, meer digterlik as Dathenus s'n, dog nie kerklik erken nie. Hiervan het, volgens sy Voorwoord in ons Afrikaanse Gesangboek, Totius in die psalmberyming dankbaar gebruik gemaak: „Dit was my strewe om dié oue goud vir die Kerke van S.A. nie verlore te laat gaan nie.”



In Genève die man aangetref aan wie ons die meeste van ons bekendste wysies te danke het, nl. die begaafde Louis Bourgeois uit Parys. Drie van die wysies van Straatsburg het hy onveranderd gelaat, nl. Pss. 36, 103 en 137. Ons het dus die magtige wysie van Ps. 36 en sy dubbelganger Ps. 68 te danke aan die byna vergete voorsinger Matthéüs Greiter van Straatsburg. Aan die ander psalms het Bourgeois sy eie hand gelê en aan hom het ons 80 van ons psalm-wysies te danke. Van die bekendste is 42, 72, 118, 130 en 134. Seldsaam goed het hy daarin geslaag om die inhoud van die lied met die melodie te laat ooreenkom. Pierre, die voorsinger van Genève, was verantwoordelik vir 84, 89 en 146.

**B. Die Gesange.**—Reeds in die Voorwoord van die *Souterliedekens* is van die woord van Paulus in Kol. 3: 16 gebruik gemaak waar hy naas die Psalms ook geestelike liederen en lofsange noem as middel om mekaar te vermaan en die Here te loof. Geen wonder dat Van Nyevelt dan ook 13 Gesange by sy bundel ingesluit het nie. Ook Utenhove het in sy uitgawe van 1566 agt gesange opgeneem. Alle latere weersin teen gesange was dus in die vroegste dae na die Hervorming onbekend. Calvyn, wat oneindig veel gedoen het om die ware karakter van die kerklied te bepaal, het nie alle gesange geweier uit sy uitgawe nie. En tog het die waarskuwing van die Geneefse Hervormer teen „enige ander woorde as dié wat God ons in die mond lê,” asook sy teëkanting teen vierstemmige musiek menigeen mislei om Calvyn as vyand van gesange as sodanig aan te sien. Dit het die Gereformeerde tak van die Hervorming nie min gestrem nie, sodat dit op hierdie gebied 'n swak figuur slaan teenoor die Lutherse tak van die Hervorming. Calvyn se konserwatiewe optrede moet altyd gesien word in die lig van die destydse Roomse verbastering en Remonstrante afwyking. Hierdie selfde standpunt is beliggaam in die besluit van die historiese Dordtse Sinode wat „de 150 Psalmen Davidis” en ses gesange goedgekeur het en die gesang *O Godt, die onse Vader bist* „in de vrijheyd der kercken” gelaat het. Klaarblyklik was die doel hier nie om die lied van die Nuwe Verbond uit dié gemeente van die Nuwe Verbond te weer nie, maar om 'n dam op te werp teen die „aalwerdige eijgendunckelheijt” van afwykendes, soos Marnix dit genoem het.

Deur die jare het die behoefte aan byvoegende gesange tot openbaring gekom. So b.v. het in 1663 'n Bybel in Groningen verskyn waarin enige van die vernaamste geestelike liederen van Luther opgeneem is, „soo als die in de Nederlandtsche Gereformeerde kercken op eenige der Feestdagen gesongen werden.” In Genève self het in 1698 'n bundel met 'n ruim aantal gesange verskyn. In 1764 het 'n bundel die lig gesien met die woorde:

Wanneer het nageslacht uit beter oogen ziet en zich door Christus' min voelt dringen, dan zal de reine Kerk, zoaals het God gebiedt, haar psalmen niet alleen, maar ook haar lied'ren zingen.

Eindelik het die Noord-Hollandse Sinode in 1796 die saak van 'n volledige aantal gesange by die psalms opgevat. Van 1803 tot 1807 is gewerk aan die bundel wat enige jare later ook in S.A. in gebruik geneem is. Dit was hierdie keer die werk van die Kerk en nie van die staat nie.

Die end van die agtiende en die begin van die negentiende eeu was egter 'n tyd van geestelike laagwater, en die versamelaars het alles behalwe 'n ruime keuse uit bestaande kerkliedere gehad. Hulle moes self die leemtes so goed moontlik probeer aanvul. Dié gryse Ahasveros van den Berg, predikant in Arnhem, wat kort tevore kräftig meegewerk het aan die nuwe psalmberyming, het die voorsitterskap van die verantwoordelike kommissie beklee. Uit sy eie sangbundel is 'n aantal oorgeneem met wysigings wat hom laat kla het „dat bij het overgieten geweldig gestort is.” Aan Van den Berg self is in hierdie bundel die bekende „Op berge en in dale” te danke en aan Abraham Rutgers, predikant in Haarlem, ons geliefde aandsang (180) „Aan U, o God, my dankgesange.” Van Bilderyk is afkomstig ges. 8, van die in diepe armoede lewende Georg Neumark ges. 17, van Schubart ges. 83 uit 'n tienjarige gevangenskap, en van Jan Scharp die bekende nommers 39, 52, 78, 123 en 155. Gesang 123 word in ons Nederl. gesangboek aangegee as bewerking van *O Haupt, voll Blut und Wunden*, dog slegs die wonderskone melodie van die onsterflike lied van Paul Gerhardt, bewerk na Bernhard van Clairvaux is hier behoue. Gelukkig is ons Afrikaanse bundel hier aanmerklik verryk en is sowel *Is dit, is dit my Koning* as *O Hoof, bedek met wonde* en 120 en 121 opgeneem. Dieselfde geld ook van die magtige Lutherlied *Ein Feste Burg ist unser Gott*, wat in die ou bundel feitlik slegs die melodie behou, dog in ons Afrikaanse bundel is nou sowel *Hou Christus self sy Kerk in stand* as *'n Vaste burg is onse God* (152 en 153) opgeneem.

'n Enkele nommer in die gesangboek is van voor-Reformatoriese oorsprong, nl. die beroemde *Te Deum Laudamus* (Ges. 3). Dat hierdie beroemde lied as beurtsang by die Doop van Augustinus deur Ambrosius van Milaan sou vervaardig gewees het, is nie vas te stel nie. Dog uit die vierde of vyfde eeu stam dit wel. Dit is voorwaar 'n aangrypende koraal.

#### DIE GODSDIENSTIG-KULTURELE BETEKENIS

Met so 'n geskiedenis agter ons psalms en gesange kan die bundel nie anders as onskatbare waarde besit nie. Dit is geheilig deur die gebruik van die eeue en die bloed van menige martelaar. Op die sterfbed het die verse meermale vertrous en verkwik en in die allerheiligste geloof het hulle meermale gestig en opgebou. Dit is bekend dat toe Hendrik Voes en Johannes Esch, die eerste martelare van die Kerkhervorming in Nederland, in die vlamme neergesink het, hulle die dood met 'n gesang op die lippe tegemoet gegaan het. Laat ons luister na die beskrywing hiervan in *Het nieuwe Martelaarsboek*:

„Toen zij ontkleed waren en het vuur van den brandstapel reeds was aangestoken, werden zij in het geheel niet kleinmoedig; integendeel scheen het of zij des te standvastiger werden en alsof een onverklaarbare blijdschap over hen was gekomen, zoodat velen meenden dat zij lachten. Toen de vlammen reeds rondom hen opstegen, zongen zij het *Te Deum* (Ges. 3) en gingen daarmee voort totdat de rook en vlammen hun stem en leven smoorden.”

Naas die Bybel kan ons sonder vrees vir teenspraak die grootste godsdienstig-kulturele betekenis ook vir ons volkslewe aan ons gesangboek toeken. Ja, veral vir ons volkslewe, hoewel ons nie by uitstek 'n singende volk is nie. Dog selfs sonder om die gesange

te sing, het hul woorde deur die jare die houvas van menige bedrukte hart en die troos van menige bedroefde siel geword. Daardie woorde tog kan van jongs af van buite geleer word en is ook op groot skaal deur ons volk van kindsbeen af geleer en gebruik.

Met die aankoms van ons Afrikaanse gesangboek is nou die laaste vesting vir ons eie taal verower. Altans in beginsel! Dit sal seker nog baie jare duur voordat die Nederlandse woorde—veral by die oueres onder ons—sal vervang word deur die Afrikaanse woorde. Want die van buite geleerde poësie sit vas in die geheue en dit sal derhalwe baie langer duur om die nuwe berymde woorde ingang te gee as die prosa van ons Bybel. En tog is die goeie reg en die invloed van hierdie woorde versker. En hoe groot sal dan nie die betekenis wees van die gebruik van ons gesangboek by die huisgodsdienste en die erediens nie! Om dit te begroot, sal dit net nodig wees om terug te dink aan die pad van Suid-Afrika waarop die huisaltaar, die ossewa en die kerkgebou soos soveel bergpunte uitstaan.

In duisende boerewonings en elders het deur die jare die woorde van ons môresange weerklank: „*Mijn eerst' gevoel zij dankbaarheid*” (179 in Afrikaans) is in die gebedstaal van die Boerevolk onlosmaakbaar ingevleg. So ook het *Wij danken U, barmhartig' God* (Afr. 83) uit duisende monde 'n harte opgestyg in die môrestond. Dikwels lank voor dagbreek is boeke gevat en die sangnommer het nie ontbreek nie. Dit was nie anders op die trekkpad nie. In sy *Dagboek* vertel Erasmus Smit hoe daar gereed op die wye vlaktes van die Vrystaat en oor die Drakensberg gesing is en selfs 'n sanguur na die aandiens waargeneem is. Nadat die Trekkers op wilgervlotte die Grootrivier, wat toe in vloed was, deur is, is Ps. 146 uit volle bors aangehef. By die aflê van die Bloedrivier-gelofte is o.a. van Ps. 38: 12—16 gebruik gemaak. En wat sal ons sê van die gebruik van ons gesangboek by die erediens? Dit is die vernaamste deel van die erediens wat deelname deur die gemeente betref.

Hoe het die harte nie daar hul leed uitgesing totdat trane deur vrede en berusting vervang is nie, of hul vreugde en dankbaarheid uitgejubel totdat die gewelwe van die godshuise antwoord gegee het! Nêrens het die strydende kerk 'n beter middel om aan te sluit by die lied van die verlostes in die triomferende kerk as in sy sang in die erediens nie. Hier, indien êrens, is vir die aardse pelgrim die voorsmaak van die hemelse heerlijkheid 'n intense werklikheid.

Ons twyfel vir geen oomblik daaraan dat die Afrikaanse woorde van ons gesangboek hierdie godsdienstige betekenis sal verhoog nie. Daardie woorde sal nou meer as ooit tot die hart kan spreek. Die gevaar van dubbelsinnigheid en misverstand is verby. Ons kinders sal nie meer gevaar loop om te dink aan die wasproses of slaperigheid as hulle die woorde „En schoon ik vaak uit zwakheid viele” (Ges. 12:5) aanhef nie! Ook sal dit nie nodig wees om vir die beangste lidmaat van 'n sekere gemeente die verskerking te gee dat die woorde *'k Rijp al vast voor d'eeuwigheid* (Ges. 182:4), niks te doen het met die winterryt wat hom moontlik kan verhinder om die ewigheid binne te gaan nie. Ewemin die skaapboer wat sy seun Jannie se huweliksgeboeie opgegee het en op die vraag van die predikant of Jannie dan wil trou, gebruik gemaak het van die woorde in Ges. 39:3, „Ja, Meneer, *Als een herder wil hy trouw...*”

#### DIE KULTURELE WAARDE VAN DIE GESANGBOEK

Sowat vyftien jaar gelede het die skrywer van hierdie artikel vir Totius op die stasie in Johannesburg raakgeloop. Destyds was hy in die middel van die psalmberyming en was genoemde skrywer net aangewys om baanbrekerswerk te doen in verband met die gesange. Sy eie werk het hoë eise aan sy digterlike talent gestel, dog het hy gevra, hoe sou dit gaan met die gesange? Vir hulle tog was daar geen prosa-origeneel in enige taal nie, maar slegs die Nederlandse beryming. Sy vrees was beslis nie ongegrond nie. Die gevolg is dat die kunsgehalte van

die gesange en daarmee ook hul kultuurwaarde nie op dieselfde peil as dié van die psalms kan wees nie. Nogtans, hoewel dit aan die publiek ter beoordeling moet oorgelaat word, meen ons met alle beskeidenheid te kan vasstel dat die estetiese en digterlike gehalte van ons gesange heelwat hoër staan as dié van Nederlandse teks. Dit is ook die geval met die godsdienstig-teologiese inhoud. Dog ons laat die oordeel gerus oor aan die lesende en singende publiek.

Intussen kan dit nie anders nie of die gesangboek sal eerlank sy invloed laat voel op ons Suid-Afrikaanse kultuurlewe en strew. Vereers vanweë sy veelsydige inhoud en sy veelvuldige gebruik. Die huidige bundel bevat 'n ryker verskeidenheid en 'n beter keuse as die Nederlandse. Hiermee gee ons nie te kenne dat almal moet saamstem met die weglating van enkele ou gesange en die insluiting van sekere nuwe nommers uit die Nederlandse Vervolgbundel en uit ander bronne nie. Ook sal die klein getal nommers van ons eie digters vereers nog 'n leemte bly in 'n Suid-Afrikaanse uitgawe. En tog is ons gesangboek veelsydiger en veelomvattender as vroeër. Daarby sal die bundel veelvuldig gebruik word in die dag- en Sondagskool, die huisgodsdienste en in die erediens; by die sterfgeval en op die huwelik; op ons nasionale en kerklike feesdae. Hier tog het ons die hele boodskap van die Evangelie in al sy skakerings; die geleentheidslied en die lied vir die wisselende jaargetye; die sange vir die biduur en die onderlinge samekomste.

Ook ons Afrikaanse taalgevoel sal deur hierdie bundel grootliks gebaat word. Hoe dikwels het die sangwers wat ons van buite ken ons nie al die regte uitdrukking of taalwending verskaf nie! Hoe sal daardie gewyde gedagtes nie gekoester word deur die alledaagse roetine van die lewe en meer as een uit die prosaïese sleur van die lewe uitlig na die toppe van nuwe besieling en geesdrif nie!

Maar nie die minste sal die lieflike musiek van ons verhewe koraal 'n magtige kultuurmiddel onder ons kerklike publiek word. Dit is tog nie net poësie wat ons

(Vervolg op bladsy 37.)



Lede van die Gesamentlike Sangwysieskommissies (sitting in Kaapstad, September 1936). Agter, links na regs: prof. P. K. de Villiers, ds. A. G. du Toit, ds. L. J. Fourie, mnr. A. C. van Velden en ds. H. L. Webb. Voor, links na regs: ds. P. H. van Huyssteen (scriba), ds. E. G. Malherbe (voorsitter), ds. J. G. M. Dreyer, ds. T. F. J. Dreyer, ds. D. J. Hugo en ds. R. J. B. Feenstra.

## ONS PSALM- EN GESANGBOEK

*(Vervolg van bladsy 5.)*

hier het nie. Dit op sigself is al strelend en verdelend genoeg. Maar van baie groter gewig is die akkoorde wat tot 'n aantreklike melodie saamgesmelt is en die ryke skakerings wat tot 'n volmaakte harmonie saamvloei. Ook die Bybel is 'n boek van hoë skoonheid en tog is waarheid sy hoogste kenmerk. Maar in die gesangboek is skoonheid die eerste vereiste en reken ons hier op die weg van die gehoor en die gevoel om tot die waarheid op te klim. Ons is hier

dus veral op die kultuurpad, die pad van verfyning, verfraaiing, verheffing en veredeling. Dit is kultuurwerk van die hoogste graad en die gesangboek 'n kultuurskat van die eerste rang. Met een voorwaarde: ons moet die psalms en gesange sing, nogmaals sing en altyd beter sing, totdat ons die boosheid en ongeloof weggesing het deur Gods genade en al meer as 'n singende, juijende en jubelende volk bekend kom te staan.